



Gemeentenuus

30 Augustus 2026

Hierdie week in die Gemeente

Spes. Deurkollekte: Senior Jeug

- 08:20 Jeugdiens: Kerk
Ds. Mauritz Heyneman
- 10:15 Erediens: Kerk
Ds. Mauritz Heyneman
- 10:15 Erediens: Huis Stilbaai
Ds. Schalk Kotzé
- 17:30 Grief Share Kursus: Kerk

Spesiale Deurkollekte:

Hierdie week se Spesiale Deurkollekte word opgeneem vir ons gemeente se **Senior Jeug**.

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit **SLEGS** per **EFT** of **KONTANT** betaal.

Merk asb. u bydrae:
"Senior Jeug"

KERKRAADS- VERGADERING

Ons vra u voorbidding vir 'n

Kerkraadsvergadering wat gehou gaan word DV op **8 September** om **18:00** in die kerkgebou



Volgende week

BIDDAG VIR DOWES

Sin. Deurkollekte: Instituut vir Dowes

- 08:20 Jeugdiens: Kerk
Ds. Francois Taljaard
- 09:30 Erediens: Jongensfontein
Ds. Schalk Kotzé
- 10:15 Erediens: Kerk
Ds. Francois Taljaard
- 10:15 Erediens: Huis Stilbaai
Ds. Braam Zwiegelaar
- 17:30 Grief Share Kursus: Kerk

PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG: 31 AUGUSTUS

17:00 Kooroefening by die kerk

DINSDAG: 1 SEPTEMBER

10:00 Vergadering: Bediening vir Visionêre Leierskap

WOENSDAG: 2 SEPTEMBER

10:00 Voorbidding by die kerk
17:30 Leef Logos Bybelskool by kerk

VERGADERING UITGESTEL !!

Die Bediening vir Visionêre Leierskap se vergadering is uitgestel en sal nou plaasvind op **Dinsdag, 1 September 2026** om **10:00** by die Kerkkantoor.

BASAAR: 9-10 OKTOBER 2026

RAAK BETROKKE BY ONS BASAAR ...

Om van ons Basaar 'n sukses te maak, het ons u hulp nodig en daarom doen ons 'n beroep op u om asb. hande te vat met die Sameroepers.

Skakel gerus vir Julie van Deventer, Basaar Koördineerder by **082 376 1213** om uself beskikbaar te stel.

ONS HET U NODIG!

**Ons benodig
DRINGEND 'n
sameroeper vir:**

PANNEKOEKTAFEL

Help ons asb. om hierdie baie belangrike tafel by die basaar te vul.



**Kontak asb. vir
Julie van Deventer
by 082 376 1213
indien u kan help.**

WIT OLIFANTTAFEL

Ons benodig DRINGEND items vir hierdie tafel en daarom doen ons 'n beroep op u om asb. enige bruikbare artikels wat in u pad is by die huis, vir ons na die Kerkkantoor toe te bring. Ons sal baie graag weer 'n vol en interessante tafel wil uitpak!

**Kontak gerus die
Sameroeper vir meer
besonderhede:
Elmien van der Nest
by 083 235 2430**



AANDAG WYKSLEIERS !!!

BASAAR KONTANTLYSTE

Ons Basaarlyste is beskikbaar en ons vra ons wyksleiers om dit asseblief by die kerkkantoor te kom afhaal om deur hul wyke te neem. Hierdie lyste moet asseblief weer teen **30 September 2026** by die kerkkantoor ingehandig word,



Met Leedwese



Ons harte gaan uit na die familie en vriende van

**Rhea Beukes
Kinna Ellis**

wat oorlede is. Ons bid die Here se krag en vertroosting oor hul familie in hierdie baie moeilike en hartseer tyd.

Baaija vir Biekie **Liefdadigheidswinkel**

Baaija vir Biekie liefdadigheidswinkel in Hoofweg-Wes is nie net die oudste liefdadigheidswinkel in Stilbaai nie, maar is ook 'n projek van Badisa Stilbaai wat begin is om te help met armoedeverligting in ons omgewing. Opbrengs uit hierdie winkel word spesifiek gebruik vir hulpbehoewende mense binne die Stilbaai, Jongensfontein en Melkhoutfontein gebied.

Ons wil elkeen van u graag uitnooi om 'n draaitjie te kom maak. Ons winkel is skoon, netjies en die kwaliteit van ons produkte is baie goed. Ons personeel is vriendelik en professioneel en wag nêr vir jou.

Op hierdie stadium het die winkel 'n baie groot behoefte aan linneware, veral gordyne, sowel as breekware en kombuisware. So, indien u dalk bietjie wil kaste skoonmaak, kan u dit met graagte vir ons kom afgee en weet dat dit vir 'n goeie doel aangewend gaan word.

Moenie wag nie, kom besoek Baaija vir Biekie sommer dadelik.

SAKKIE VIR 'N PAKKIE

Badisa, in samewerking met 'n omgegroepte van die N.G. Kerk Stilbaai, het die *Sakkie vir 'n Pakkie* Kosprojek 'n hele paar jaar gelede begin.

Hierdie projek werk so:

In die voorportaal van die kerk, kerkkantoor en by Badisa se kantoor in Melkboomstraat, sal u sakkies vind. U neem 'n sakkie. Binne-in die sakkie is 'n papiertjie met die name van slegs een of twee items. U gaan koop die items, plaas dit in die sakkie en bring die sakkie terug na die kerk, Kerkkantoor, OK Grocer of Badisa, waar u dit in die beskikbare mandjies plaas. Indien u eerder 'n geldelike bydrae wil maak, kan u dit by Badisa self inbetaal. Kospakkies word opgemaak vir behoeftige gesinne. Dit is 'n baie verdienstelike projek en ons het elkeen van u se hulp dringend nodig.



LERAARS: DAGBOEKE

Ons leraars se dagboeke word deur die kerkkantoor bestuur.

Indien u 'n besoek deur 'n leraar benodig of weet van iemand wat nodig het dat die leraar hulle moet besoek, skakel gerus vir Tersia by die kerkkantoor om 'n afspraak te reël.



LIDMAATSKAP- SERTIFIKATE

Die volgende lidmate se lidmaatsertifikate het na ons gemeente oorgekom:

*Elmarie van den Berg van
Palinggatoord 111, het oorgekom vanaf
Bethlehem-Wes gemeente.*

*Barry en Marietha Vosloo van
Palinggatoord 98, het oorgekom vanaf
Helderberg gemeente.*

*Gerhard en Linda Fourie van
Voortrekkerstraat 26, het oorgekom vanaf
Port Elizabeth-Hoogland gemeente.*

*Conrad Gouws asook
dooplidmate Christo en André Gouws van
Cloverlaan 6, Under milkwood,
het oorgekom vanaf
Stellenberg gemeente.*

Baie welkom aan julle.

***Indien u van adres of persoonlike inligting
verander het, kontak asb. die Kerkkantoor sodat ons u
inligting kan opdateer.***

Leraars Besonderhede:

Ds Francois Taljaard, tel. 061) 460-6404 (Kloof & Platbos)
Ds Vian Louw, tel. 074) 131-7967 (Almal 50 jaar & jonger)
Ds Mauritz Heyneman, tel. 071) 159-9525 (Suidsee & Oewer (Stilbaai Oos en Plase Oos))
Ds Schalk Kotzé, tel. 083) 655-7930 (Hawe & Jftn)
Prop. Deona Aucamp, tel. 082) 470-8144 (Brug & Rivier)

Bank Besonderhede

Nedbank
Rek. Naam:
N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391
Takkode: 198-765

Kerkkantoor Inligting

Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674
Posbus 23, Stilbaai, 6674
Tel nr. (028) 754-1705
Faks nr. (028) 754-2827
Epos: lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za
admin@ngkstilbaai.co.za

ALPHA KURSUS

Kom wees deel van die reis

- Wie is Jesus?
- Is daar meer tot die lewe?
- Wie is die Heilige Gees?

Wanneer: September 2026

Vir meer inligting kontak
Sumari du Plessis
084 66 33 675



